



Besoek [www.litnet.co.za](http://www.litnet.co.za) vir gratis skole-inhoud.

**Afrikaans Huistaal**

**Graad 12 Vraestel 1**

Cecilia Kloppe

0828720039

**Punte: 70**

**Tyd: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

**Instruksies en inligting**

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings.  
  
Afdeling A: Leesbegrip (30)  
Afdeling B: Opsomming (10)  
Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies (30)
2. Lees alle instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord al die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling  
Afdeling A: 50 minute

Afdeling B: 30 minute

Afdeling C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A: Leesbegrip

### Vraag 1

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

#### Teks A: Koerantartikel

##### Klein gebou dra by tot groot gemeenskapshulp

Raubex Group (Ltd), in 1974 deur Koos Raubenheimer gestig, is een van die grootste konstruksimaatskappye in Suid-Afrika. Hulle het hoofkwartiere in Bloemfontein en Centurion en is sedert 2007 op die JSE-aandelemark geregistreer. Hulle spesialiseer in paaie en grondwerke, soos die N2 vir SANRAL, konstruksiemateriaal, mynmateriaal, infrastrukture vir siviele werke, asook myndienste en -konstruksies in Australië.

Raubex beskou dit as baie belangrik om geld vir liefdadigheid en gemeenskapsprojekte aan te bied. Die maatskappy het onlangs die Ryder Cup-Gholftoernooi aangebied om geld in te samel. 'n Vendusie is as deel van die toernooi gehou om geld in te samel. Een van die items wat op 6 & 7 Augustus 2026 opgeveil is, was 'n replika van die Raubex se hoofgebou in Cleveley in Kenneth Kaundaweg, wat uit Lego aanmekaargesit is.

Benewens die groot pret wat die gholfspelers gehad het, het Raubex ook nog danksy die toernooi 'n reusebedrag van R1,77 miljoen aan liefdadigheid en gemeenskapsprojekte geskenk.

Volgens Charl van Schalkwyk van Raubex vind bogenoemde insamelingsprojek al die afgelope 10 jaar plaas. Hy het die modelle van Grey College gesien wat deur Leon Mentz gebou is, en besluit om vanjaar iets soortgelyks te laat maak om op te veil. Leon het 'n replika van die hoofgebou, asook die naam Raubex uit Lego's gebou. Dié replika het 'n bedrag van R56 000 op die veiling behaal.

Tien jaar gelede het Raubex met sy Make-a-Wish-veldtog wat personeellede van die maatskappy ondersteun, begin. Vanjaar het hulle weer R300 000 aan die projek toegewys.

Met fondse uit die Ryder Cup gaan Raubex weer vanjaar begroot vir die 1 Less Pothole-projek. Bloemfontein het groot waardering daarvoor.

Verdere skenkings word byvoorbeeld aan die Vereniging van Gestremdes, die Jean Webber-sentrum se sonkrag- en waskamerprojek, asook die Westdene-woonbuurtvereniging se heiningsprojek gemaak.

In Bloemfontein word ook hulp verleen aan Hospice Bloemfontein. Die hospice is geleë by die Siesta-aftree-oord. Dan beplan Raubex ook om geld te bewillig vir die ondersteuning van Suid-Afrikaanse rolstoelrugby, asook talle ander kleiner projekte om 'n positiewe verandering in die gemeenskap te bring.

Sedert 2018 is reeds 137 Raubex-werknemers en hulle gesinne wat dit nodig gehad het, finansiële bygestaan. R2,74 miljoen is ook reeds aan die Make-a-Wish-projek bestee. 'n Voorbeeld hiervan is die koop van 'n elektriese rolstoel vir een van die werknemers sodat sy makliker by haar werkplek kan kom.

**Bron:** Verwerk uit *Bloemnuus*, 13 Augustus 2026

## **Teks B: Visuele teks – advertensie**

### ***DIE BURGER-KINDERFONDS***

#### **GHOLFDAG**

#### **PAARL GHOLFBAAN & BOSCHENMEER GHOLFLANDGOED**

**Skryf in en sink 'n paar balle vir liefdadigheid**



**Vrydag 30 September 2026**

- Slegs R5500 vir 'n vierbal
- Slegs 34 vierballe beskikbaar
- Vierbal-samespel: 2 tellings om te tel

**PRYSE TER WAARDE VAN R70 000 op die spel**

- ❖ Wegneem-middagete by halfpadmerk
- ❖ Aandete by prysuitdeling
- ❖ Pryse vir eerste 12 spanne
- ❖ Borg 'n natgat vir net R3000
- ❖ Elke deelnemer kry 'n gholfhemp geborg deur PKF

**Kontakbesonderhede: Beverley Mathews – 0847299515**

**Bron:** Verwerk uit *Die Burger*, 29 Augustus 2026

#### **Vrae: Teks A**

|            |                                                                     |   |
|------------|---------------------------------------------------------------------|---|
| <b>1.1</b> | Na watter “klein gebou” word in die titel verwys?                   | 1 |
| <b>1.2</b> | Op watter wyse kon hierdie “klein gebou” bydra tot gemeenskapshulp? | 1 |

|      |                                                                                                                                                                                                  |   |
|------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---|
| 1.3  | Waarvoor staan die akroniem SANRAL?                                                                                                                                                              | 1 |
| 1.4  | Noem een veld waarin Raubex spesialiseer.                                                                                                                                                        | 1 |
| 1.5  | Watter afleiding maak jy uit die volgende?<br>“[P]aaie en grondwerke, soos die N2 vir SANRAL.”                                                                                                   | 1 |
| 1.6  | Wat verstaan jy onder “siviele werke”?                                                                                                                                                           | 1 |
| 1.7  | Wat is vir Raubex baie belangrik?                                                                                                                                                                | 1 |
| 1.8  | Wat doen Raubex om in staat te wees om die genoemde prioriteit in vraag 1.7 te verwesenlik?                                                                                                      | 1 |
| 1.9  | Behalwe die reusebedrag wat aan liefdadigheid en gemeenskapsprojekte geskenk word, watter ander voordeel het die gholftoernooi?                                                                  | 1 |
| 1.10 | Waarvan is die replika van die klein gebou gemaak?                                                                                                                                               | 1 |
| 1.11 | Wie het die replika gemaak?                                                                                                                                                                      | 1 |
| 1.12 | Hoe het Raubex van dié persoon te hore gekom?                                                                                                                                                    | 1 |
| 1.13 | Is die volgende stelling <b>WAAR</b> of <b>ONWAAR</b> ? Motiveer jou antwoord.<br>Die replika van die gebou het baie goed gevaar op die veiling.                                                 | 1 |
| 1.14 | Is die volgende 'n <b>FEIT</b> of 'n <b>MENING</b> ? Gee 'n rede vir jou antwoord.<br>Sedert 2018 is reeds 137 Raubex-werknemers en hulle gesinne wat dit nodig gehad het, finansieel bygestaan. | 1 |
| 1.15 | Waarom sou Bloemfontein groot waardering hê vir die 1 Less Pothole-projek?                                                                                                                       | 1 |
| 1.16 | In watter koerant het bogenoemde artikel verskyn?                                                                                                                                                | 1 |
| 1.17 | <b>Kies die korrekte antwoord.</b><br>Die doel van die artikel is:<br>A Opvoedkundig<br>B Vermaaklik<br>C Inligtinggewend<br>D Om te adverteer                                                   | 1 |
| 1.18 | Wat dink jy is die tipe items waarvoor mense sal wens vir die Make-a-Wish-projek?                                                                                                                | 2 |

#### Vrae: Teks B

|      |                                                                                                                                                     |   |
|------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---|
| 1.19 | <b>Kies die korrekte antwoord.</b><br>Die doel van die visuele teks is:<br>A Opvoedkundig<br>B Vermaaklik<br>C Inligtinggewend<br>D Om te adverteer | 1 |
| 1.20 | Wie is die teikengroep van bogenoemde advertensie?                                                                                                  | 1 |
| 1.21 | Word die volgende <b>letterlik</b> of <b>figuurlik</b> bedoel? Motiveer jou antwoord.<br>“[S]ink 'n paar balle [...]”                               | 1 |
| 1.22 | Noem twee voordele vir die deelnemers aan die gholftoernooi.                                                                                        | 2 |
| 1.23 | Watter liefdadigheidsfonds word deur bogenoemde gholftoernooi ondersteun?                                                                           | 1 |

|                               |                                                                                           |   |
|-------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------|---|
| <b>1.24</b>                   | Die woord “slegs” word ’n paar keer in die advertensie herhaal. Wat is die rede daarvoor? | 1 |
| <b>Vrae: Teks A en teks B</b> |                                                                                           |   |
| <b>1.25</b>                   | Verwys na EEN verskil tussen teks A en B.                                                 | 2 |
| <b>1.26</b>                   | Watter TWEE WOORDE in teks A toon ooreenkomste met teks B?                                | 2 |

**Totaal Afdeling A: 30**

## **Afdeling B: Opsomming**

### **Vraag 2**

Lees teks C hier onder en maak ’n **opsomming van sewe interessante feite oor die sportinligting in die meegaande koerantberig.**

**Let wel:**

|    |                                                                                                                                                |
|----|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 1  | Jou opsomming moet in jou eie woorde, in duidelike volsinne en in paragraafvorm aangebied word. Dit mag nie meer as <b>90 woorde</b> wees nie. |
| 2. | Jy moet <b>een samehangende paragraaf</b> skryf.                                                                                               |
| 3. | Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.                                                                                     |
| 4. | Dui die <b>aantal woorde</b> wat jy vir die opsomming gebruik het, onder regs aan.                                                             |

### **DITSEM BOKKE!!**

Die Springbokspan het Saterdag in die FNB-Stadion gewys hoekom hy die Wêreldkampioenspan is toe hy die All Blacks met 29–24 gewen het. Die Springbokke het die meeste van hulle toetse in Suid-Afrika gewen, en na Saterdag se oorwinning het hulle ’n 2–1 voorsprong in die Greatest Rivalry-reeks. Volgende week verskuif die aksie na die VSA.

Die eerste helfte was regtig taai. Kurt-Lee Arendse het die openingsdrie gedruk, en Ardie Savea het met sy tweekuns sy span gehelp. Die Bok-skrum het ’n groot bohaai veroorsaak, maar hulle het die Kiwi’s en ander kritici se monde gesnoer toe hulle met mening vorentoe gedruk het om die straf drie af te dwing.

Savea moes die veld verlaat weens ’n besering en dit het die Nieu-Seelanders broos gelaat. Die rustyd telling was 12 elk.

Die Bokke het tydens die tweede helfte hulle man gestaan. Will Jordan het byvoorbeeld die bal hopeloos te hard gesool. Daarna het Malcolm Marx ’n rolmaalbeweging oor die doellyn gemaak.

In die pylvak het die Suid-Afrikaners met groot vindingrykheid gespeel en die Nieu-Seelanders het omtrent moes spook en spartel om hulle van die doellyn af weg te hou. Samisoni Taukei’aho se drie het die telbord bietjie in die guns van die All Blacks laat swaai, maar toe was die wedstryd reeds in die Bok-sakkie.

Vir die tuisspan het Ethan Hooker 'n barshou gespeel. Die jong vleuel het die hoë balle vreesloos getakel. Marx en Wiese was staatmakers by die afbreekpunte, Sacha Feinberg-Mngomezulu het sy talent as stelskopstaatsmaker gewys en Morné van den Berg het hope energie getoon. Elke Bok-speler verdien eintlik 'n klop op die skouer. Dit was 'n uitstekende wedstryd.

#### **Puntemakers**

##### **Die Springbokke**

**Drieë:** Kurt-Lee Arendse

**Strafdrieë:** Jesse Kriel en Malcolm Marx

**Doelskoppe:** Sacha Feinberg-Mngomezulu

**Strafskop:** Sacha Feinberg-Mngomezulu

##### **Die All Blacks**

**Drieë:** Ardie Savea (2), Will Jordan en Samisoni Taukei'aho

**Doelskoppe:** Ruben Love en Damian McKenzie

**Bron:** Verwerk uit *Maroela Media*

**Totaal Afdeling B: 10**

### **Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies**

#### **Vraag 3: Advertensie**

Bestudeer die advertensie (teks D) hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

##### **Teks D**

**Melk. Brood.**

**Die Papier.**

**Maak dit deel van jou Vrydagroetine.**

**Die Papier**

**Net vir jou.**

**Op die rakke / Tuis afgelewer / Aanlyn / [diepapier.co.za](http://diepapier.co.za)**

**Bron:** Geïnspireer deur *Bloemnuus*, 20 Augustus 2026

##### **Vrae: Teks D**

|            |                                                                                                                          |   |
|------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---|
| <b>3.1</b> | Hoe word die Suid-Afrikaners in die advertensie <b>gestereotipeer</b> ?                                                  | 1 |
| <b>3.2</b> | Watter <b>tipe sin</b> is die volgende?<br>"Maak dit deel van jou Vrydagroetine."                                        | 1 |
| <b>3.3</b> | Watter <b>tegniek</b> wat die adverteerder in die advertensie gebruik het, het jou aandag getrek?                        | 1 |
| <b>3.4</b> | Waarom is "Papier" met 'n <b>hoofletter</b> geskryf?                                                                     | 1 |
| <b>3.5</b> | <b>Kies die korrekte antwoord.</b><br>Die woord "Vrydagroetine" is 'n voorbeeld van 'n:<br>A Afleiding<br>B Samestelling | 1 |

|      |                                                                                                                             |      |
|------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------|
|      | C Samestellende afleiding<br>D Nie een van bogenoemde nie                                                                   |      |
| 3.6  | Maak 'n sin met die <b>homoniem</b> van die woord “net” in die advertensie. Die betekenis van die woord moet duidelik blyk. | 1    |
| 3.7  | Waarvoor staan die “co.za” in “diepapier.co.za”?                                                                            | 1    |
| 3.8  | Haal drie opeenvolgende woorde aan waarmee die adverteerder jou persoonlik by die advertensie betrek.                       | 1    |
| 3.10 | Sou jy sê die advertensie is suksesvol? Gee 'n rede vir jou antwoord.                                                       | 1    |
|      |                                                                                                                             | (10) |

#### Vraag 4: Strokiesprent

Bestudeer die strokiesprent (teks E) hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

#### Teks E Strokiesprent



**Bron:** Geïnspireer deur *Bloemnuus*, 20 Augustus 2026

### Vrae: Teks E

|      |                                                                                                                                                                                               |             |
|------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------|
| 4.1  | Wat is die funksie van die <b>ellips (beletselteken)</b> in <b>raampie 1</b> ?                                                                                                                | 1           |
| 4.2  | Gee die teenoorgestelde <b>intensiewe vorm</b> van “splinternuwe”.<br><b>(Raampie 3)</b>                                                                                                      | 1           |
| 4.3  | Wat is die funksie van die <b>koppelteken</b> in die woord “Suid-Afrikaanse”? <b>(Raampie 3)</b>                                                                                              | 1           |
| 4.4  | Watter <b>tipe sin</b> is die volgende?<br>“Dit is fantasties!” <b>(Raampie 6)</b>                                                                                                            | 1           |
| 4.5  | Lees die volgende sin en voltooi dan die onderstaande sin deur EEN woord in te voeg.<br>“Elke Vrydag word daar ’n nuwe koerant uitgegee.”<br><br>Die Papier verskyn _____. <b>(Raampie 6)</b> | 1           |
| 4.6  | Wat word die <b>persoon</b> wat aan die hoof van ’n koerant staan, genoem?                                                                                                                    | 1           |
| 4.7  | Wat noem ’n mens die <b>persoon</b> wat artikels en berigte vir koerante en tydskrifte skryf?                                                                                                 | 1           |
| 4.8  | Word die volgende <b>letterlik</b> of <b>figuurlik</b> bedoel? Motiveer jou antwoord.<br>“Met vuurwarm nuus” <b>(Raampie 6)</b>                                                               | 1           |
| 4.9  | Hoe weet jy dat Stephanie baie opgewonde is oor die nuwe koerant? Kyk na die teks, sowel as visueel. <b>(Raampie 1)</b>                                                                       | 1           |
| 4.10 | Daar kort ’n <b>leesteken</b> by Stephanie se woorde in raampie 4 se eerste sin. Skryf die sin korrek oor en voeg die leesteken wat ontbreek in.<br><br>Ja-a-a-a dommie.                      | 1           |
|      |                                                                                                                                                                                               | <b>[10]</b> |

### Vraag 5: Tydskrifartikel

Bestudeer teks F en beantwoord die vrae wat volg:

#### Teks F

#### Polisie in Italië vind R168 miljoen kunswerk terug

Drie **(5.1)** skilderye deur Pierre-Auguste Renoir, Paul Cézanne en Henri Matisse **(5.2)** \_\_\_\_\_ waarde van meer as R168 miljoen, wat in Maart uit ’n **(5.3) Italiaanse** museum gebuit is, is teruggevind. Diewe het die kosbare skilderye uit die villa van die Magnani-Rocca-stigting naby Parma in die noorde van Italië gesteel. Die inbraak het slegs drie minute geduur. Daar word vermoed dat die baasbrein agter die rooftog ’n **(5.4) lid** van ’n Moldawiese bende is. Die waarde van die skilderye word beraam op R56 miljoen vir Renoir se **(5.5) Vis**, R112 miljoen vir Cézanne se *Stillewe met kersies* en R375 000 vir Matisse se *Odalisk op die terras*. **(5.6)** Die diewe het ’n veiligheidswag en ’n bejaarde egpaar wat die museum besoek het, oorrompel. **(5.7)**

Die gesteelde skilderye is by een van die verdagtes se huis gevind, het Pagliaro, Parma se polisiehoof, gesê.

(5.8) Die diewe het ook **gravures** en ander items gegryp en daarmee laat spaander.

(5.9) Die vermeende baasbrein agter die rooftog is in April vasgetrek en 'n vrou is ook **in verband met** die rooftog (5.10) **in hegtenis geneem**.

**Bron:** *Die Burger*, 15 Augustus 2026

**Vrae: Teks F**

|      |                                                                                                                                                                            |             |
|------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------|
| 5.1  | Dui die <b>stam</b> van “skilderye” aan.                                                                                                                                   | 1           |
| 5.2  | Vul die korrekte <b>voorsetsel</b> in.                                                                                                                                     | 1           |
| 5.3  | Benoem die <b>woordsoort</b> van “Italiaanse”.                                                                                                                             | 1           |
| 5.4  | Maak 'n sin met die <b>homofoon</b> van die woord “lid” sodat die betekenis duidelik blyk.                                                                                 | 1           |
| 5.5  | Waarom is “ <i>Vis</i> ” met 'n <b>hoofletter</b> geskryf?                                                                                                                 | 1           |
| 5.6  | Skryf die volgende sin in die <b>lydende vorm</b> .<br>“Die diewe het 'n veiligheidswag en 'n bejaarde egpaar wat die museum besoek het, oorrompel.”                       | 1           |
| 5.7  | Skryf die volgende sin oor in die <b>direkte rede</b> .<br>“Die gesteelde skilderye is by een van die verdagtes se huis gevind, het Pagliaro, Parma se polisiehoof, gesê.” | 1           |
| 5.8  | <b>Kies die korrekte antwoord.</b><br>Die woord “gravures” wat dui op graverings op 'n metaalblad, is 'n:<br>A Nuutskepping<br>B Eiegoed<br>C Anglisisme<br>D Leenwoord    | 1           |
| 5.9  | Skryf die <b>afkorting</b> van “in verband met” neer.                                                                                                                      | 1           |
| 5.10 | Gee <b>een woord</b> vir “in hegtenis geneem”.                                                                                                                             | 1           |
|      |                                                                                                                                                                            | <b>[10]</b> |

**Totaal Afdeling C: 30**

**Groottotaal: 70**